



Korporatiewe Gebed


jaco van rooyen



Nou sal my oë oop wees en my ore luister
na die gebed van hierdie plek.

So het Ek dan nou hierdie huis verkies en
geheilig, dat my Naam daar kan wees tot in
ewigheid, en my oë en my hart sal altyd
daar.

2 Kron 7:15-16


A photograph of a stage or rehearsal space. In the background, there is a white keyboard on a stand, a black amplifier with the 'Gibson' logo, and a white chair. The floor is covered with several long, black cables that are illuminated from below, creating a series of bright, glowing spots. The overall lighting is warm and golden. On the left side, there is a white circular graphic element that partially overlaps a dark, textured image.


Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry.

Matt 18:19

Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie.


Eseg 22:30






Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.

1 Tim 2:1-2



Hoor tog, Here my God, die gebed van u dienaar, hoor sy smeking, luister na die hulpgeroep, die gebed wat u dienaar vandag tot U rig. Hou hierdie tempel dag en nag onder u sorg, die plek waarvan U gesê het dat U u Naam daar wil vestig, sodat U die gebed kan hoor wat 'n dienaar van U na hierdie plek toe bid. Hoor tog die smeekbedes van u dienaar en u volk Israel wat hulle na hierdie plek toe bid, hoor dit tog uit u hemelse woonplek, en wanneer U dit hoor, vergewe tog! 1 Kon 8:28-30




Sou daar hongersnood in die land kom, sou daar pes uitbreek, brandkoring of roes, swerms sprinkane en voetgangers, sou dit gebeur dat die volk se vyande hom in sy stede hier in die land beleër, watter plaag of siekte hom ook al tref, luister tog na elke gebed, elke smeking wat van enige mens of van u hele volk Israel mag kom soos elkeen sy plaag te kenne gee en sy hande na hierdie tempel toe uitstrek, luister tog uit die hemel, u woonplek, vergeef en gryp in en gee aan elkeen wat hy verdien soos U sy hart ken, want net U ken elke mens se hart, sodat hulle aan U gehoorsaam sal wees die hele tyd dat hulle in die land leef wat U aan ons voorvaders gegee het.

1 Kings 8:37-40



Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak.

2 Thes 1:11



Bevorder die belange van die stad
waarheen Ek julle in ballingskap
weggevoer het, bid tot My vir daardie stad,
want sy belange is ook julle belange.

Jer 29:7